# Rippel 90.5 : Kamp vir gestremdes
## 27-28 April 2013
## Tema: SpecSavers

### Algemene inligting

1. Die kamp kan bygewoon word deur enige persone, bo 18 jaar, wat dit sinvol sal vind, ongeag die aard van die gestremdheid.
2. Elke gestremde persoon moet vergesel word van 'n helper om bystand te verleen met rondbeweeg en persoonlike versorging.
3. Die kamp se inhoud maak voorsiening daarvoor dat enige iemand van enige denominasie gemaklik sal voel. Daar sal baie tyd spandeer word aan Geestelike diepte en lofprysing, maar daar sal ook tyd wees vir speel en pret.
4. Die kamp word gehou by Deo Volente Bush Adventures (besoek www.dvadventures.co.za), ongeveer 40km buite Pretoria op die Moloto-pad (Kwamhlanga).
5. Persone wat die kamp bywoon is verantwoordelik vir eie vervoer.
6. Kampers moet 8h00 Saterdagoggend arriveer, en die kamp sluit ongeveer 14h00 Sondagmiddag af.
7. Die kamp word aangebied deur Willem Botha en vriende.
8. Ons poog om die kampkostes te dek deur donasies, en 'n klein betaling mag dalk nodig wees; alle etes word voorsien aan kampers en helpers.
9. Waar van toepassing moet kampers self voorsien in spesiale dieëtbehoeftes en mediese behoeftes.
10. Die terrein is redelik toeganklik vir rolstoele en persone wat moeilik beweeg.
11. Slaapplekke is in gemeenskaplike kamers. Onthou, ons gaan nie baie tyd hier spandeer nie!
12. Daar is genoeg storte en toilette, maar wat nie noodwendig doelgemaak is vir gestremdes nie.
13. Die groot saal is maklik toeganklik vir rolstoele; etes en besprekings word in die saal gehou.
14. Geen alkohol word op die terrein toegelaat nie.
15. Hoewel deelname sterk aangemoedig word, is geen aktiwiteite verpligtend nie.
16. Die kamp word op eie risiko meegemaak.
17. Om jou plek op die kamp te verseker, voltooi asb so gou as moontlik die meegaande inskrywingsvorm, en e-pos of faks na die onderstaande nommer.


### Verdere navrae en besprekings:

Kontak vir Wilna Botha by 012 662 1290 of wilna@heuning.co.za; faks: 086 518 0838

### Lys van benodigdhede:

- Beddegoed & kussing
- Persoonlike toiletware
- Handoeke
- Eie medikasie
- Gemaklike klere
- Reënjas of sambreel
- Muskietgoed
- Sonroom
- Bybel
- Flits

**Padkaart:**


MOLOTO
WADRIF
SHOPPING
CENTRE
MAMELODI (M10) R513
CULLINAN
N
1 km
31,6 km
PLOT 53
MOLOTO
R573
ROODEPLAAT
DAM
N1
ZAMBESI
1,3 km

## Inskrywingsvorm / Vrywaringsvorm

# Rippel 90.5 kamp te Deo Volente Bush Adventures

Hiermee bevestig ons

| |
|---|
| |

(Volle naam en van - gestremde persoon, hierna verwys as kamper)

en

| |
|---|
| |

(Volle naam en van - helper)

dat ons die kamp van 27-28 April 2013 gaan bywoon.

Ons vrywaar hiermee die organiseerders, Radio Rippel en Deo Volente Bush Adventures, hul werknemers of verteenwoordigers van alle verlies en skade van welke aard ookal aan goedere of my persoon, hoe ookal sodanige verlies of skade mag ontstaan.

Ons bevestig hiermee dat ons hierdie verrigtinge meemaak op eie risiko en doen hiermee onherroeplik afstand van enige reg of enige aksie om skadeloosstelling in te stel teen die organiseerders, Radio Rippel en Deo Volente Bush Adventures, hul werknemers en hul verteenwoordigers.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Handtekening Kamper** | **Handtekening Helper** | **Datum** |

**Persoonlike inligting:**

| | **KAMPER** | **HELPER** |
|---|---|---|
| Ouderdom | | |
| Geslag | | |
| Kontak telefoonnommer | | |
| E-pos adres | | |
| ID nommer | | |
| Beskryf kortliks die aard van gestremdheid; meld asb of die kamper van 'n rolstoel gebruik maak | | XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX<br>XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX |